9 Junie 2010

OMSENBRIEF NR 12/2010

Geagte Ouers

Dit is regtig ‘n vreemde gevoel om so vroeg in Juniemaand al die laaste omsendbrief vir die eerste semester te skryf. Ongelukkig moet ons byhou by die daaglikse aftel na die groot sportgebeurtenis wat die vakansie in Suid-Afrika plaasvind.

Te midde van die opwinding na die Wêreldbeker Sokkertoernooi gee ek graag die volgende aan u deur:

1. Personeel:

Mej. Christine Kotzé is vanaf 1 Mei 2010 by die skool aangestel en gaan ingeskakel word by die Intermediêre en Senior Fase. Ons wil haar, na haar draai in Taiwan, terugverwelkom by die skool.

Ons innige simpatie gaan aan mnr. Gerrit Ellis wat sy suster deur die dood verloor het.

Ons gelukwense aan die volgende kollegas wat gedurende die vakansie verjaar: Mevve. A Marais [12de], S Jonker [Nasorg – 13de], E Coetzee [Hasie Kalbassie – 14de], U Pieterse [16 de], I Nel [19de] en mnr. H Vollgraaff [8 Julie]

2. Leerlingraad:

Die volgende Gr.7 leerders is tot die leerlingraad vir die tweede semester verkies:

Dogters: Charlize Hanekom, Alicia Potgieter, Isabeau Malan en Lisa Gerber
Seuns: Henri Thirion, Koos de Wet

3. Kultuur:

Tydens die Siyanda rondte van die ATKV – redenaarskompetisie te Kakamas het die volgende leerders goed presteer en deurgedring na die provinsiale rondte in Kimberley op 17 Julie 2010:

Loubser Nel , Pieter Nel, Danielle Nel, Hesna Theron, en Elani Strydom. Baie geluk en baie sterkte met die volgende rondte.

4. Sport:

4.1 Tennis:

NJ Stannard en Duncan McGregor neem vanaf 6 Junie 2010 as deel van die Noord-Kaapspan aan die o/12 Interpro-tennistoernooi te Sun City deel. Baie geluk en sterkte met die toernooi.

4.2 Rugby:

Johan Bekker, Jurie Burger, David du Toit en Benna Nieuwoudt is opgeneem in die o/13 Griekwaland-Wes rugbyspan wat vanaf 13 – 18 Junie 2010 te Graaff-Reinet aan die o/13 Cravenweek deelneem.

Henry Wickens en Eric Jordaan is opgeneem in die o/13 Griekwaland-Wes XV tal wat aan ‘n toernooi vanaf 20 –23 Junie 2010 te Sasolburg deelneem.
Jaco Koegelenberg en Shaquille Cloete is opgeneem in die Griekwaland-Wes o/12 span wat aan ‘n provinsiale toernooi vanaf 10 – 12 Junie te Newcastle gaan deelneem.

Ons gelukwense aan die 8 leerders en baie sterkte vir die onderskeie toenooie.

4.3 Netbal:

Danielle Nel en Anelda Venter neem vanaf 6 - 9 Augustus in Johannesburg as deel van die o/13-Robynespan en Aurelia Pieterse, Chrisna Oppermann en Jackie Kuhn as deel van die o/12-Robynespan aan ‘n provinsiale netbaltoernooi deel.
Baie geluk aan al die spelers wat die skool op Provinsiale vlak gaan verteenwoordig. Oranje-Noord is besonder trots op julle!!

5. Algemeen:

Ons herinner u net weer aan die oueraand op Maandag, 19 Julie 2010 wat volgens afsprake sal geskied.

Die skool, in samewerking met die OOV, bied weer op 8 Oktober 2010 die Oranje-Noord Grand Prix met die kaskarre aan. Ouers wat daarby betrokke wil raak, moet asseblief met die OOV skakel.

Inligting rakende die bestelling van die skooltasse sal begin volgende kwartaal aan u deurgegee word.

Aangeheg ook die datumlys vir die derde kwartaal.

Geniet die vakansie saam met u kinders en lekker sokker kyk!

PD VAN DER MERWE
SKOOLHOOF

Jesus is inderdaad die vriend waarvan Albert Camus skryf: “ Moenie voor my loop nie, ek mag dalk nie volg nie. Moenie agter my loop nie, ek mag dalk nie lei nie. Loop langs my en wees net my vriend.”